NUUSBRIEF
NEWS LETTER
van / of TUINROETE AGRI

wenakker

tuinroete agri

Des / Dec 2011

BEHOU VISIE TE MIDDE VAN UITDAGINGS

"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God..." (1 Johannes 3:1)

Almal van ons, ongeag die werk wat ons doen of posisie wat ons beklee, moet daagliks die uitdagings en "issues" wat oor ons paaie kom hanteer en seker maak dat ons bly fokus op ons visie en doelwitte. This is to a large extent what life is all about. Of u nou 'n huisvrou/tuiste skepper, 'n landbouer, 'n onderwyser, 'n bouer, 'n kontrakteur of 'n bestuurder van 'n besigheid is, die grootste uitdaging is om visie en rigting te behou te midde van daaglikse uitdagings en "issues" wat jou van koers wil afdruk.

Vir almal, of dit nou die drome van 'n huisvrou of die visie van 'n bestuurder is, die beginsels betrokke om die visie en drome na te streef te midde van die uitdagings en "issues" is dieselfde. How we handle these challenges and issues are most important. In this festive season I would like to share the following with you:

- U is almal bestuurders wat mense (insluitende kinders), take, afsprake, stelsels, grondstowwe (of bestanddele), gereedskap of toerusting moet beheer en organiseer – aanvaar dit so en besef dat uself besluite moet neem om sodoende die uitkoms te kan beïnvloed;
- Accept that challenges and issues are part of life – it is part of the Lord's plan to ensure that we handle these issues correctly, to rectify that which is wrong and to be in control of the issues that we can handle;
- Don't stress too much about the issues that you cannot control or influence;
- Heelwat spanning word veroorsaak deur onverwagse struikelblokke wat opduik. In baie gevalle help dit om beter te beplan om sodoende die verrassings te beperk. Los onsekerhede so gou as moontlik op voordat dit in die toekoms onaangename verrassings word;
- Die oorsaak van 'n ander tipe spanning is die gevoel van spyt of teleurstelling wanneer 'n situasie verkeerd hanteer word, verkeerde dinge gesê word of indien daar nie reg opgetree is nie. Belangrik is om altyd teenwoordigheid van gees te handhaaf en te dink voor jy optree of praat;
- Moenie skaam wees om te sê jy is jammer nie, ons is almal mense wat foute maak. Ongelooflik die "genesende" uitwerking wat die woord "jammer" op 'n spanningsvolle insident kan hê. Ook teenoor kinders moet ons jammer kan sê;
- Always focus on the incident, the principle, the rule or the issue at hand – do not focus on the individual or the personality;
- Change your attitude – start every day by anticipating that you will have to face and handle issues coming your way. Be prepared and decide that you will and are going to solve the issues at hand – face reality. Sometimes one needs time to make decisions – be realistic;
- Neem besluite uit 'n hemelse perspektief – onthou alle sake het 4 kante – jou kant, my kant, 'n aardse "oplossing" en 'n hemelse perspektief;
- Wees voorbereid op kritiek en moenie "stress" as jy nie krediet ontvang nie – daar is niks in die lewe wat jyself vermag nie - ander mense is altyd betrokke en alles is uiteindelik uit Genade;
- Always focus on the positive, be polite and considerate towards others and also try to understand the perspective of others;
- Die belangrikste en wat werklik saak maak is die verskil wat jy in ander mense se lewens maak, al is dit ook hoe gering;
- Besef wat jou kapasiteit is en dat elke mens tyd nodig het om te rus, te ontspan en om "batterye" te herlaai – gun jouself dit!

Seënwense en alles van die beste vir 2012! / I wish you a blessed Christmas and all the best for 2012!

J.D Weys
Besturende Direkteur / Managing Director

DP EQUESTRIAN
A FEATHER IN OUR CAP

Situated on the old Bendigo Halt stud farm in the picturesque hamlet of Rheenendal (Knysna's main farming area), DP Equestrian is a thriving livery yard, (25 horses housed on over 16 hectares of lush green fields and barn style stables).
DP Equestrian was established in 2009, by Danielle Pieters whose vision of a competition training base, livery yard, and equestrian school has today become a reality. Danielle has had a love of all things equestrian since the tender age of four, and has competed as a junior and adult at provincial level in the discipline of eventing. During this time she has won numerous titles, and was nominated as Sportswomen of the year in the Southern Cape.

Upon completing school she moved the United Kingdom where she assisted in running Equestrian Direct, one of the major UK eventing yards. Whilst there she was able to compete in International competitions. After moving back to South Africa she began a career in advertising. She soon decided to return to her first love - horses, and DP Equestrian was born.

Danielle runs specialized courses for competitive riders, and DP Equestrian has become the Knysna venue used to host SANESA competitions, as well as many local derbies.

One of her greatest joys is the bustling fun filled riding school " DP's Little Riders" which teaches children of all ages how to ride, and care for horses. One of the more exciting aspects to the "DP little riders" that Danielle is working on, is the benefit of horses and horse riding for children with special needs.

Danielle's ultimate personal goal is to represent South Africa at the Olympic games. She has been invited to compete amongst an elite group of riders who have been earmarked, and long listed as future Olympians. All DP's horses feed, lucurne and general equipment come from Tuinroete Agri Knysna and according to Danielle "TRA Knysna's service goes a long way to ensuring the successful running of my yard".

Contact details for Danielle:
• Tel: 082 537 0635 • E-mail: daniellepieters@gmail.com

VRAGMOTORS WAG HULLE BEURT AF BY DIE ALBERTINIA SILO

Die rye het teruggestaan tot oorkant die spoorlyn.
Voorwaar 'n geseënde graanjaar!

KORING: DIE PLANTJIE UIT DIE BYBEL

Begin Junie 2011 is die 47 pitte van 'n koringaar in watte met water geplaas. Al die sade het ontkiem en is in die grond uitgeplant by Tuinroete Agri in Mosselbaai. Geen kunsmis is toegedien nie, en het die koring oorleef met net water en die weer.

Op 8 November 2011 was die antwoord soos volg: Die beste plant het 17 are aangehad en die grootste aar het 88 pitte in gehad. Die swakste plant het 4 are aangehad met 38 pitte daarin, maar die kleur van die pitte was merkbaar mooier en effens groter as die groter aar se pitte.

Onder soortgelyke toestande kan aanvaar word dat die gemiddelde opbrengs van die saad wat geplant is vier maal die gemiddeld van 'n gewone aar met 42 pitte sal wees. Dit is dus moontlik dat een aangeplante koringpitjie kan vermeerder tot 168 pitte.

Merkwaardige wonder van die natuur waarin ons lewe. Wat kan ons as mense nie ook bereik in die wonderlike wêreld waarin ons lewe nie.

Louis Fivaz

HOE LYK DIE SOMERSEISOEN?

Deur Johan van den Berg van Santam Landbou, Bloemfontein

Die tweede gedeelte van die afgelope somerseisoen sowel as die herfs en eerste deel van die winter is gekenmerk deur baie swaar reën oor die sentrale tot suidoostelike gedeeltes van die land wat dan die Suid- en Ooskaap ingesluit het. Dit is veroorsaak deur 'n baie sterk La Nina-fase met see-oppervlaktemperature in die sentrale Stille Oseaan wat oor 'n baie groot gebied koeler as normaal was.

LA NINA 2011/12

See-oppervlaktemperature in die Stille Oseaan was vir ongeveer twee maande (Junie en Julie 2011) baie naby aan normaal maar het sedertdien weer begin afkoel om 'n tweede agtereenvolgende La Nina-verskynsel te vorm. Tans is die belangrike Nino-3.4-gebied (op die ewenaar, omtrent in die middel tussen Australië en Suid-Amerika) alreeds sedert die einde van Augustus 2011 ongeveer 0.7oC koeler as normaal en teen middel Oktober ongeveer 0.9oC koeler as normaal. Dit kan beskryf word as 'n swak La Nina-fase en volgens voorspellings behoort dit te versterk tot 'n matige La Nina rondom die midsomer. Die "International Research Institute for Climate and Society" in die VSA het in die nuutste opdatering die kanse vir La Nina-toestande vir die periode tot ten minste Maart 2012 verhoog tot 'n groter as 70% kans. In Julie 2011 was die kanse minder as 40% vir die herontwikkeling van 'n La Nina-verskynsel wat wys hoe vinnig die verandering plaasgevind het om 'n tweede agtereenvolgende La Nina-verskynsel te vorm.

Die implikasies van die herontwikkeling van 'n La Nina-fase is dat die kanse vir reën vir die Somerreënvalgebied en veral die oostelike tot suidoostelike dele baie goed is in veral die eerste deel van die somer en dat die sentrale tot westelike dele 'n bogemiddelde kans het vir reën in die mid- tot laatsomer. Dus kan die Suid- en Ooskaap asook Vrystaat, Noordkaap en Noordwes Provinsie se reënvalpatrone vanjaar weer neig na baie sterk somerstelsels in die mid- tot tweede gedeelte van die seisoen. Tropiese vog wat uit die trope afbeweeg, neig om tydens sterk La Nina-verskynsels baie gereeld eers reg suid oor Angola, Namibië en Botswana af te beweeg en dan suidooswaarts te draai. Dit voer vog in wat beskikbaar is vir somerreën oor die sentrale, westelike, suidelike en suidoostelike dele van die land.

GAAN DIE LA NINA SY NORMALE PATROON VOLG?

Die vraag is of die La Nina-verskynsel wat tans ontwikkel, wel die normale La Nina-effek op reënval in Suidelike Afrika gaan uitoefen aangesien dit 'n swakker ontwikkelde La Nina behoort te wees as wat die geval was gedurende die 2010/11-seisoen? Om hierdie vraag te beantwoord voordat die seisoen verby is, moet daar gekyk word of die normale La Nina-voetspore gevolg word in ander wêrelddele. Daar is 'n paar tipiese La Nina gebeure of voorlopers wat gewoonlik bepaal of 'n La Nina-gebeurtenis die normale La Nina-reënvalpatroon gaan volg:

- Droogte in Oos-Afrika
- Droogte in Rusland en omliggende Balkan-state
- Droogte in Argentinië
- Droogte in die VSA en Mexiko
- Droogte in gedeeltes van China
- Baie nat toestande en vloede in Pakistan, Indië, Suidoos-Asië in lande soos Maleisië, Fillipyne, Indonesië
- Baie nat toestande en vloede in oos en suid Australië

Tans is 'n hele paar van hierdie tekens positief dat die huidige La Nina wel die verwagte patroon sal volg: Die droogte in Oos-Afrika, VSA en Mexiko en vloede en baie nat toestande in Pakistan, Indië en plekke soos Hong Kong en ander lande in Suidoos-Asië. Argentinië ervaar egter nog redelike goeie toestande (waar dit al droog moet wees) en Australië wat gewoonlik baie nat is tydens La Nina-toestande, ervaar tans redelik gemiddelde reënval. Daar is dus sterk aanduidings dat dit wel tot 'n groot mate die "regte" patroon volg maar daar is nog 'n paar indikators wat nog nie saamspeel nie.

EL NINO VIR 2012/13?

Aanduidings bly nog baie sterk dat 'n El Nino-verskynsel kan voorkom in die 2012/13-seisoen. Die implasies hiervan is dat dit kan veroorsaak dat die hele Weskaap (wat die Suidkaap insluit) bogemiddelde reënval kan kry maar dat die Ooskaap asook die grootste deel van die res van die Somerreënvalgebied, ondergemiddelde reënval kan kry.

OM OP TE SOM:

Die voorkoms van 'n tweede agtereenvolgende La Nina-verskynsel vir 2011/12 lyk na 'n voldonge feit nadat aanvanklike voorspellings vroeër in die jaar gedui het op 'n meer neutrale of normale seisoen. Wat reënval op die kort- na mediumtermyn betref, kan die reënvalseisoen steeds "laat" wees maar gemiddelde tot bogemiddelde reënval word verwag vir die mid- tot laatsomer. Globaal lyk dit asof die huidige La Nina redelik "normaal" reageer met droogtes in sekere gedeeltes soos Oos-Afrika en nat toestande in ander gedeeltes soos Pakistan, Hong Kong, ens. Dit dui dat die 2011/12-seisoen oor suidelike Afrika behoort te neig na gemiddeld tot bogemiddelde reënval met die uitsondering van die westelike dele van die Weskaap. Daar is baie sterk aanduidings van baie droër toestande in 2012/13 oor die Somerreënvalgebied en natter toestande oor die Wes- en Suidkaap.

GARDEN ROUTE WATER Consultants

MEMBER Water Quality ASSOCIATION

Water Purification & Filtration Specialists

Serving the Garden Route Since 1999

One & Two Stage Counter Top Water filters

Kitchen Faucet Mounting Ceramic Filter

2 Stage Under Counter Filter

Outdoor Ceramic Water Filter – ideal for camping & hiking

5 STAGE REVERSE OSMOSIS WATER PURIFIERS

Whole House Filters

Commercial System

Washing Machine Filters 1 & 2 stage

NEW: FIBREGLASS WATER FILTER PRESSURE VESSELS WITH MANUAL OR AUTOMATIC BACKWASH HEADS

Manual Head **Automatic Head**

The vessels are made of superior quality, composite, food grade, non metallic material that simply cannot rust and can handle pressures up to 10 bar.

Filter Media Options

Anthracite • Silica Sand • Garnet • Granular Activated Carbon • Birm–Iron Removal Media

N.B. Replacement rate of the filter media will be determined by the flow rate, feed water quality and backwashing frequency.

IMPORTERS & DISTRIBUTORS OF TOP QUALITY WATER PURIFIERS & FILTERS

Most filters available at Tuinroete Agri Stores. For specialised applications contact :

Deon McAdam (044) 884-0888 or Cell 083 383 0416. 21b Bishops Place, Cathedral Street, George

Email: info@gardenroutewater.co.za Website: www.gardenroutewater.co.za

Natuurlike organiese tuinmaak

Die nuwe millenium-tenders is natuurlike en eko-vriendelike tuine

Die aarde moet bewaar en beskerm word. Natuurlike hulpbronne is beperk en natuurlike ekosisteme word al hoe meer bedreig. Eko-vriendelike tuinmaak is nou hoog op die agenda. Suid-Afrikaanse tuiners is al hoe meer besig om natuurlike inheemse tuine te skep wat vriendelik vir natuurlewe is. Hulle vermy ook die gebruik van produkte wat giftig is vir voëls en ander tuin-gediertes. Organiese produkte word toenemend gebruik vir plantbeskerming en voeding.

NATUURLIKE TUINSORG

EFEKTO het die aanvraag na omgewingsvolhoubaarheid aangespreek en alternatiewe natuurlike en organiese produkte in hul plantbeskermings - en plantvoedingsreekse geskep. Al die produkte in EFEKTO se Natuurlike Produkreeks is van natuurlike produkte afkomstig. SEAGRO, byvoorbeeld, is afkomstig van vis en seegras - materiaal wat natuurlik in die oseane voorkom. Let daarop dat alle organiese produkte nog steeds geregistreer moet word deur Wet No 36 van 1947. Organiese produkte moet gereguleer en gesertifiseer word deur 'n geakkrediteerde laboratorium volgens die regulasies van Wet no.36 van 1947.

NATUURLIKE BESKERMING

Tuiniers verkies nou organiese beskermings-produkte, soos verkrybaar in die Natuurlike Beskermingsreeks en die ECO-produkte wat EFEKTO die laaste jare geproduseer het. Hierdie produkte:

- Het 'n kort onthoudingsperiode na aanwending.
- Het nie 'n lang nawerking in die grond, plant of plaag nie, wat die risiko van sekondêre vergiftiging aansienlik verminder. Byvoorbeeld: ECO RAT maak rotte dood, maar het geen effek op enige voëlspesie of dier wat die dooie rot daarna eet nie.
- Breek vinning af en is bio-afbreekbaar.

Let op dat organiese beskermings-produkte meer toedienings vereis as nie-organiese produkte. Dit het 'n kort nawerkingstydperk, dit wil sê 'n kort nawerking in die grond, plant of plaag.

NATUURLIKE VOEDING

Organies produkte breek natuurlik in die grond af wat die grondstruktuur en die gesondheid van grond bevorder. Voedingstowwe wat in organiese bemestingstowwe gevind word, word stadig vrygestel en dit verminder die risiko van brandskade op die plante en stel die voedingstowwe vir 'n langer tydperk beskikbaar aan die plant. Nuwe toevoegings tot die EFEKTO-reeks is WONDER ORGANIESE KUNSMIS VIR ROSE, SAALINGE, GRASPERKE EN LOWER,asook WONDER ORGANIESE PILLE wat fulvien en humiensure bevat.

EFEKTO

VETERAAN TREKKERS

'n Groep van 12 Veteraan trekkers het op 6 Oktober by Tuinroete Avontuur aangekom om diesel,petrol en paraffien te koop. Christo Terblanche van Mosselbaai was die toerleier op sy 1948 Case DC4 trekker wat ook die oudste trekker in die groep is.

Die groep het 340km oor 5 dae gery en het vanaf George via Karatara, Gouna en Knysna in Avontuur aangekom. Vanaf Uniondale het hulle na Herold via die Kamanassie tot in George gery. Die oudste deelnemer (71 jaar) was op 'n Fordson. Deelnemers het in tente kampeer by die 4 oornag punte. Almal is lede van die Suidkaap Veteraan Trekkerklub.

SELF SPUIT OF LAAT SPUIT?
-KWELVRAE VIR DIE LANDBOU

(Met erkenning aan Graan SA)

INSTRUKSIES: Dr Gerhard H Verdoorn, Griffon Gifinligtingsentrum en Vereniging van Dieregesondheid- en Plantbeskermingsverenigings van Suid-Afrika (AVCASA)

Landboumiddels of plaagdoders is een van die produsent se grootste koste-items. Nie alleen is die finansiële belegging daarin baie groot nie, maar dit verg ook deskundige kennis oor die effektiewe en verantwoordelike aanwending daarvan ten einde die gewasse teen peste en plae te beskerm.

Soos wat die landbou finansieel meer uitdagend raak, spandeer die produsent al hoe minder tyd aan die praktiese aspekte van die boerdery en fokus al hoe meer op die strategiese en bestuursaspekte van sy voedsel- en veselproduksie. Dit raak 'n al hoe groter uitdaging om by al die praktiese aspekte van gewasproduksie uit te kom en soms duik daar aanbiedinge op wat vir die produsent besonder aantreklik lyk om die lewe op die plaas so effens makliker te maak.

HOOGS GESPESIALISEERD

Plaag- en siektebeheer raak deesdae al meer gespesialiseerd en vereis nie alleen in-diepte kennis van die plantbeskermingsmiddels nie, maar ook tegniese vaardighede en toerusting vir die effektiewe aanwending van die middels. As daar dan iemand by die deur kom aanklop en plaagbeheerdienste vir die produsent aanbied, kan dit na 'n baie aantreklike opsie lyk, alhoewel die persoon dalk nie noodwendig oor die nodige kennis of vaardighede beskik nie. Produsente behoort met groot omsigtigheid na plaagbeheerdienste te kyk en nie net dink aan tyd- en kostebesparings nie. Daar is verskeie parameters wat oorweging verg en dit sluit onder andere die wetlike aspekte, die effektiwiteit, die veiligheid en die betroubaarheid van sulke dienste in.

Artikel 7 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947) stel dit duidelik dat niemand landboumiddels (plantbeskermingsmiddels of plaagdoders) teen vergoeding mag aanwend as die persoon nie as 'n plaagbeheeroperateur deur die Registrateur van die Wet geregistreer en dus gemagtig is om sodanig op te tree nie.

Andersins mag so 'n persoon wel sulke dienste verskaf as hy onder die direkte toesig van 'n geregistreerde plaagbeheeroperateur werk. Die regulasies wat onlangs oor plaagbeheeroperateurs uitgevaardig is (Regulasie Nr. R98 van 18 Februarie 2011), het bepaalde voorwaardes waaraan 'n persoon moet voldoen alvorens aansoek gedoen mag word ten einde as 'n plaagbeheeroperateur te registreer. Dit verg akademiese opleiding sowel as praktiese ervaring in die veld van plaagbeheer.

Die vraag wat dikwels gevra word, is waarom sulke streng reëls van toepassing is vir persone wat plaagbeheerdienste aanbied. Uit die produsent se oogpunt behoort dit logies te wees dat 'n mens slegs iemand sal kontrakteer vir plaag- en siektebeheer wat werklik 'n kundige is en wat dit beter sal kan doen as jyself op die plaas.

NAGEVOLGE

Landboumiddels maak tot 12% van insetkoste uit en as dit nie korrek aangewend word nie, sal dit oneffektief wees met ernstige nagevolge vir die produsent se winsmarge. Dus is dit noodsaaklik dat die persoon wat die diens verskaf, die produkte en die effektiewe aanwending daarvan ken en dit op 'n professionele wyse sal toedien. Slegs dan kan die produsent vertroue hê in die persoon se vaardighede. Verkeerde aanwending, veral met toerusting wat nie geskik is vir die effektiewe aanwending van landboumiddels nie, kan selfs tot gewasskade lei en die produsent se hele oes afskryf.

'n Verdere aspek is dat die uiteindelike verhandelbare voedsel veilig vir menslike gebruik moet wees en nie onaanvaarbare residue van plaagdoders bevat nie. Weer eens kan sulke waarborge heeltemal verlore wees as onkundige en ongekwalifiseerde persone plaagbeheer namens die produsent doen.

Produsente is oor die algemeen uiters besorg oor die effek van landbou op die natuurlike omgewing en wil op geen manier die omgewing besoedel as gevolg van die onkundige en onoordeelkundige toediening van plaagdoders nie. Ongeregistreerde plaagbeheeroperateurs is dikwels roekeloos en kontamineer die omgewing deur plaagdoders onverantwoordelik aan te wend. Die feit dat 'n landbouchemiese verspreider die AVCASA-kursus geslaag het en selfs 'n ACDASA-lidmaatskapkaart kan toon, beteken nie dat die individu plaagbeheer mag doen nie. Daar word steeds vereis dat die persoon as plaagbeheeroperateur moet registreer alvorens hy sulke dienste mag aanbied. Produsente moet nie om die bos gelei word deur agente wat sommer die "gif sal verskaf en spuit nie." Dit kan ernstige nagevolge hê as daardie agent nie sy storie ken nie.

WAT GEBEUR DAAR BUITE?

Wat tans in die mark gebeur, is dat individue die geleentheid sien om geld te maak deur plaagbeheerdienste vir die landbousektor aan te bied. Die produsent behoort seker te maak dat sulke persone oor die nodige plaagbeheeroperateurslisensie beskik, die geskikte toerusting tot hul beskikking het om die middels korrek volgens etiketvoorskrifte aan te wend, oor die nodige produkkennis beskik asook voldoende kennis van die gewas en die plae wat daarop voorkom, het.

Iets wat al hoe meer ontwikkel, is mense wat per viertrekmotorfiets plaagdoders aanwend. Dit is iets wat glad nie deur die plantbeskermings-industrie (AVCASA) ondersteun word nie omdat die toerusting selde of ooit die plaagdoders korrek en volgens etiketvoorskrifte kan toedien. AVCASA dring daarop aan dat toerusting soos die korrekte spuittenks, spuithefbome, sproeistukke en drukmeters noodsaaklik is vir die korrekte toediening van plaagdoders. Sonder dit, kan selfs 'n geregistreerde plaagbeheeroperateur nie die middels korrek aanwend nie.

LUGTOEDIENING

Vir lugtoediening is die regulasies vir plaagbeheeroperateurs nog strenger. Die persoon wat lugbespuiting doen moet eerstens 'n kommersiële vlieglisensie hê en tweedens spesifiek as lugbespuiter by die Registrateur van die Wet geregistreer wees. Lugbespuiting moet ook binne die konteks van die SANS 10118 plaasvind ten einde produkte korrek toe te dien sonder om die omgewing of mense te benadeel.

HUUR EERDER SELF DIE TOERUSTING

Produsente probeer mekaar ook dikwels onderling help. Indien 'n produsent geskikte toerusting besit, mag hy steeds nie plaagbeheer as 'n besigheid bedryf nie alvorens hy nie as plaagbeheeroperateur geregistreer is nie. Dit sal beter wees om die buurman se nuwe toerusting te huur en self die plaagbeheer daarmee te doen as om die "hele buurman" te huur tensy hy 'n gelisensieerde plaagbeheeroperateur is. Sodoende kan die toerusting gedeel word sonder dat enige produsent die wet oortree.

MOENIE ONPROFESSIONELE MENSE KONTRAKTEER NIE

Dit kan vir die produsent 'n baie moeilike besluit wees of hyself plaagbeheer wil doen of dit laat doen. Miskien is die beste raad om jouself die vraag af te vra of die persoon wat die dienste aanbied dit net so goed soos jyself of selfs beter kan doen en of die persoon wel as plaagbeheeroperateur geregistreer is. As die antwoord nie 100% positief is nie, vermy dan liewers die plaagbeheerdienste en doen die plaagbeheer self. Die risiko is net te hoog as 'n mens onprofessionele mense kontrakteer en niemand gaan pa staan as daar foute kom nie. Ons gewasse is te kosbaar om foute te maak.

WERK NET BINNE DIE BEPALINGS VAN DIE WET

Laastens is daar soms individue wat die produsent die skrik op die lyf probeer jaag met vals stellings ten einde te probeer om wel 'n kontrak vir die spuit van plaagdoders te bekom. Die bekendste argument is dat die produsent se plaaswerkers nie plaagdoders mag aanwend as hulle nie as plaagbeheeroperateurs geregistreer is nie. Dit is absolute onsin en produsente moet eintlik die boerboel gebruik om sulke individue te oortuig om die plaas te verlaat. Die wet is daar om die produsent te beskerm – werk dus streng binne die bepalings van die wet en wees verseker van effektiewe en kundige plaagbeheer sodat die oes wel winsgewend kan wees.

Kontak dr Gerhard Verdoorn by nesher@tiscali.co.za of 082 446 8946.

AGRICOL

Swenkgrasmengsel

Die **Swenkgrasmengsel** bestaan uit **Langswenkgras** (hoof komponent), **Meerjarige Raaigras**, **Kropaargras**, **Wit- en Rooiklawer**; en is 'n kombinasie wat al die elemente van volhoubare voedselproduksie aanspreek. Hoë kwaliteit voer, smaaklikheid, hoë droë materiaal- en gevolglik diereproduksie per ha. Die Swenkgrasmengsel is ook sterk meerjarig weens die teenwoordigheid van Langswenkgras (hoof komponent) en Witklawer. Swenkgrasse se enigste nadeel is dat dit stadig kiem en gevolglik kan onkruide oor hierdie tydperk maklik indring. Die insluiting van meerjarige raaigras wat vinnig vestig is dus belangrik om druk op onkruide uit te oefen en sodoende die groei van die swenkgrasse te komplementeer. Kropaargras in die mengsel dra by tot algehele smaaklikheid van die weiding asook totale produksie. Rooiklawer op sy beurt is weer nie so sterk meerjarig nie, maar vestig baie vinnig en kan, vergeleke met Witklawer, op 'n vroeër stadium bydra tot verhoogde ru-protelene en verteerbaarheid in die mengsel.

Maak voorsiening vir beskikbare weiding in die periode waar die mengsel dormant is en pas goeie weidingsbestuur toe om te verseker dat die maksimum kwaliteit voer geproduseer word.

2012 Raaigras pakket

Bealey Tetraploïed meerjarige raaigras (Eksklusief tot Agricol)
Uitstekende DM produksie, kwaliteit, en verteerbaarheid. Laat blom.

Alto Diploïed meerjarige raaigras (Eksklusief tot Agricol)
Uitstekend volhoubaar met 'n laat blom, geskik vir alle sisteme.

Bronsyn Diploïed meerjarige raaigras (Eksklusief tot Agricol)
Goeie toleransie teen hitte - volhoubaar, stabiele presteerder

Tabu Diploïed Italiaanse raaigras (Eksklusief tot Agricol)
Uitstekende vestiging, uitstekende winter- en vroeë lentegroei

Ook Beskikbaar

Tetila Tetraploïed Italiaanse raaigras
Hoë saailing groeikrag, sterk wintergroei, hoë jaarlikse DM produksie.

Archie Tetraploïed Westerwold raaigras
Vinnige, hoë kwaliteit voer.

Energa Tetraploïed Westerwold raaigras
Hoogs smaaklik weens goeie kwaliteit, uitstekende waarde vir geld

Kontak gerus u naaste Agricol tak vir meer navrae oor ons Swenkgrasmengsel en Raaigras pakket, asook beskikbaarheid en pryse.

Ons sit die wêreld aan die groei • We get the world growing

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE POSBUS 300 , BRACKENFELL • TEL: 021 981-1126 • E-POS / EMAIL: gcoetzer@agricol.co.za
AGRICOL TAKKE / BRANCHES George Tel: 044 878-2408 • Port Elizabeth Tel: 041 373-9894 • Kimberley Tel: 053 841-0675
Nigel Tel: 011 814-4466 • Silverton Tel: 012 804-3585 • Potchefstroom Tel: 018 294-7470 • Camperdown Tel: 031 785-1181
www.agricol.co.za

TRA SNAPS

DIE LATEGAN BROERS

Gawie en Coenie Lategan van distrik Aberdeen is onlangs aangewys as Samic se Nasionale Karkaskompetisie wenners vir 2011. Tuinroete Agri is trots daarop om met hulle geassosieer te wees.

Niemand kon die TRA Mosselbaai Cansa Relay stappers miskyk nie. Hulle het in die donker gegloei!

Jurika Geldenhuys, Reserwe Kampioen Driegang Boerperd, Uniondale skou 2011 bied vanaf 2012 perdrylesse aan in die Mosselbaai omgewing. Kontak haar by 0826758540

An Irish Blessing For 2012

May there always be work for your hands to do.
May your purse always hold a coin or two.
May the sun always shine on your windowpane.
May a rainbow be certain to follow each rain.
May the hand of a friend always be near you, and
May God fill your heart with gladness to cheer you.

TRA CORNER

Marizanne Fletcher van TRA Jeffreysbaai



Jacques le Roux van TRA Twee Riviere

Alley - TRA Knysna

Ange - TRA Knysna

Yolande Mels en Willem Booysen TRA Knysna

Botha - TRA Knysna

Pieter Vollgraaff, Andre Frey en Rika Beeton by TRA Krakeel

TRA Uniondale se Wen stalletjie by die Uniondaleskou

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | avwyk@tagri.co.za

RENAISSANCE DESIGN & PRINT STUDIO 044 691 3764